

OPENINGSREDE

dr André J du Toit

Voorsitter, KWV

Mnr die voorsitter, dames en here

Baie dankie vir die vriendelike uitnodiging om vandag die openingsrede by u 24ste algemene jaarvergadering te kan lewer.

Alhoewel dit die eerste keer is wat ek voor u vereniging optree, voel ek my tog nie heeltemal vreemd in die vakgebied waarin u werksaam is nie. Reeds as M Sc student het ek my verdiep in 'n grondkundige onderwerp. As praktiese boer en as iemand wat reeds jare betrokke is by die problematiek van die landbou in die RSA is ek diep onder die indruk van die belangrikheid van die bodem en ons verpligtinge daarteenoor.

Dit is dan ook as boer wat ek graag vandag 'n paar gedagtes met u wil wissel. Ek wil veral gesels oor u vereniging en die boer.

U weet, wanneer mens 'n onderwerp vir 'n geleentheid soos hierdie kies, dan loop mens altyd die gevaar dat, hoe interessant die tema ookal, dit geen regstreekse verband mag hê met die bedrywigheede en doen en late van die mense wat jy toespreek nie.

Ten einde hierdie gevaar te vermy het ek u direkteur, dr Luitingh, so 'n rukkie gelede gevra om vir my kortliks die vernameste doelstellings van u vereniging uit een te sit. Dit het hy gedoen en ek dink dat dit goed is dat ek dit hier aanhaal. Dit sal dien om almal se geheues te verfris. In elk geval is dit goed om van tyd tot tyd weer na grondbeginsels te kyk.

Die Misstofvereniging van Suid-Afrika is in 1959 gestig met onder andere die volgende doelstellings:

- Om die ekonomiese gebruik van misstowwe aan te moedig en te ontwikkel met die doel om die vrugbaarheid van die grond te verbeter, om beter oeste op te lewer en om die welvaart van landbou in die algemeen te bevorder;
- Om daadwerklike samewerking te probeer verkry van die Departement Landbou, georganiseerde landbou en die koöperatiewe beweging in belang van gewasproduksie en die gevolglike stabiliteit van die boerderybedryf;
- Om sodanige inligting te versamel en beskikbaar te stel wat sal bydra tot die voordelige aanwending van misstowwe deur die boeregemeenskap;
- Om navorsing te doen op enige gebied wat binne die doelstellings van die Vereniging val en wat tot voordeel van die Vereniging en/of sy lede mag wees;
- Om tegniese dienste met betrekking tot grondvrugbaarheid en gewasproduksie in die wye sin van die woord te voorsien of om sulke dienste tot voordeel van die Industrie en lede van die Vereniging te koördineer.

Ek dink hierdie doelstellings kan saamgevat word in drie basiese begrippe;

- die eerste van hierdie doelstellings het te make met ekonomiese doeltreffendheid;
- die tweede doelstelling gaan oor samewerking; en

- die laaste drie oor tegniese kennis, dienslewering en leiding.

Dit is dan ook aan die hand van hierdie drie grondliggende begrippe dat ek graag oor u vereniging en die boer wil gesels.

Ekonomiese Doeltreffendheid

Vir die boer en vir u vereniging is ekonomiese doeltreffendheid sekerlik die belangrikste van die drie begrippe.

Uit hierdie oogpunt gesien staan die kunsmisbedryf vandag in die kollig, enersyds, omdat daar bedenkinge is oor die pryse van kunsmis na aanleiding van sekere invoere wat teen baie goedkoper pryse hier geland is as die plaaslike produk, en andersyds die nadelige uitwerking van die ernstige droogte-toestande in daardie gebiede waar meeste van die kunsmis verbruik word.

Kunsmis is vanuit die boere se oogpunt bescou, een van die produksiemiddele wat absoluut noodsaaklik geword het om optimale produksie te verseker. Dit word dan ook bevestig deur die bedrae wat die boere hieraan bestee. In 1979 is R380 miljoen bestee aan kunsmis en dit verhoog in 1982 na R681 miljoen wat meer is as brandstof wat in 1982 maar R586 miljoen beloop het, maar minder is as voerkoste wat beraam word op R919 miljoen.

'n Verdere argument wat by ons boere swaar weeg is dat kunsmis so 'n belangrike persentasie van sy totale produksiekostes uitmaak, byvoorbeeld by mielies ongeveer 28%, by koring ongeveer 20% en by sonneblom ongeveer 16% en by wyndruiwe 6,6%. In die geval van tafeldruiwe word in die Paarl waar ek woonagtig is, ongeveer R180 per ha aan kunsmis bestee teenoor ongeveer R185 per ha by appels in die Elgin gebied.

Daar is egter 'n derde syfer wat vandag vir ons boere ontstel en dit is die sogenaamde ruilvoet wat teen die boere gedraai het. Tussen 1970 en 1982 het produktepryse met 303% toegeneem terwyl boerderybenodighede se koste met 387% toegeneem het. Hiermee saam moet besef word dat die pryse van boerderybenodighede ook baie skerper gestyg het as die algemene inflasiekoers gemeet aan die verbruikersprysindeks. Hierdie indeks het van 1970 tot 1982 met 266% gestyg terwyl pryse van boerderybenodighede met 387% in dieselfde tydperk gestyg het. Daarby moet gelet word op die feit dat die pryse van plaaslike vervaardigde fabrieksgoedere van 1975 tot 1981 met 111,4% gestyg het teenoor die 130,2% van boerderybenodighede.

Because fertilizer is such an essential production input I am convinced that we must strive to give your industry stability to ensure continuity of supply to the farmer.

We were disappointed at Sentrachem's decision last year not to go ahead with their nitrogen extension. Disappointed because experts predict that if by 1989 there is no additional extension in production, then we shall be able to meet only a little more than half our requirements from local sources.

I expect that one should respect the point of view that we should import more of our fertilizer needs because the im-

ported product is cheaper than our own. However, it is equally true to say that there is no long term guarantee that the present favourable situation will last. When the international economy recovers, overseas demand will increase, prices will rise and there might even be shortages.

A solution will have to be found. I think it is true to say that if a local industry, such as yours, has to be protected against imports, then the cost of that protection should be carried not only by the farmers; but also by the country as a whole because of the many factors that justify protection. Probably the most important factor of all is the consumer price of products produced with such fertilizers.

I believe that in striving to provide the farmer with a continuous supply of fertilizer at the lowest possible price, your industry should look at new methods of distribution for example in bulk or in liquid form.

Another aspect which I think needs attention is the suggestion that there is not sufficient competition among fertilizer producers because the price is fixed by the Price Controller. Much has been said about the free market system and the disadvantages of protection. Farmers are regularly told that they hamper the free market mechanism through their co-operatives and control boards. It would appear to me that they would have a case if they used the same arguments against your industry!

Recriminations will however not solve the problem. I think that the time has come to give serious attention to this problem as well as to the question of imports and the supply of nitrogen. I believe that the Pistorius Committee also devoted attention to this issue, but we still await the Minister's decision.

Samewerking

Ek wil vervolgens vir 'n paar oomblikke stil staan by die tweede grondbeginsel soos in u statuut vervat, nl **samewerking**. Ek wil graag iets sê oor die verhouding tussen ons boere-organisasies wat met enkele uitsonderings u produkte aan die boere verskaf, naamlik ons landboukoöperasies, u misstofvereniging en u lede.

Dis vir my verblydend om te weet dat die Suid-Afrikaanse Landbou-unie 'n skakelkomitee het met u vereniging, sodat daar oor 'n tafel onderhandel kan word oor gemeenskaplike probleme. Nog meer verblydend is die feit dat die staatsdepartemente wat betrokke is by kunsmis ook deel het aan daardie skakelkomitee.

Veroorloof my 'n enkele opmerking oor hierdie komitee en dit is die noodsaaklikheid van uitvoering van die besluite wat daar geneem word deur alle partye ten einde die geloofwaardigheid van die komitee bo alle twyfel te stel. Ondervinding het geleer dat baie maal word besluite wat so geneem word nie aanvaar deur sekere lede nie, omdat dit nie noodwendig strook met die beleid van daardie maatskappye nie, en selfs omdat ondernemings vry wil wees om met mekaar te wedywer in hulle be-markingsaksie.

Wat ons koöperasies betref wil ek vandag van u begrip vra vir hulle probleme van finansiering aan oa kunsmis aan hulle boere. As u in ag neem dat daar verwag word dat net ons koöperasies na hierdie seisoen se swak oeste in die somer-eëvalgebied, ongeveer R900 miljoen se produksie skulde sal moet dra op hulle eie risiko, dan sal u seker begryp dat hulle 'n geweldige las dra, en nie sondermeer kan aangaan om die kunsmis af te neem soos u fabriek dit beskikbaar stel nie. Die koöperasies word baie maal daarvan beskuldig dat hulle nie genoeg besigheidsgeoriënteerd is nie, maar wanneer sulke syfers ter sprake is, moet ons darem besef dat hulle as groot besighede baie versigtig moet wees om hulleself nie in 'n finansiële verleentheid te beland nie.

Ek is daarvan oortuig dat was dit nie vir ons koöperasies nie dan het die droogte die afgelope paar jaar baie erger gevolge gehad as die droogte in die dertiger jare. Vir my lyk dit dus belangrik dat u vereniging die nodige erkenning aan ons koöperasies sal gee en hulle as u vennote moet aanvaar.

Tegniese kennis, dienslewering en leiding

Dit bring my by die laaste van die drie grondliggende beginsels wat ek uit u doelstellings opgestel het, nl tegniese kennis, dienslewering en leiding. Om my gedagtes in hierdie verband vir u in perspektief te stel, moet ek so 'n ietwat terug gaan in die geskiedenis.

Die natuurlike gronde oor groot dele van Suid-Afrika is arm oa aan fosfaat en stikstof. Toe die boerdery nog bestaan het uit 'n gemengde boerdery met grondbewerking op 'n redelike klein skaal, kon "bevreëdigende" oeste ghandhaaf word met natuurlike misstowwe wat op die plaas geproduseer was. Na mate grondbewerking toegeneem het en die relatiewe belang van vee op baie plase afgeneem het, was dit nodig om die natuurlike voorsiening van plantvoedingstowwe aan te vul met voedingselemente uit bronne weg van die plaas. In die Wes-Kaap veral was gebruik gemaak van materiale soos voëlghwano, rotsfosfaat en karoomis.

Met die ontwikkeling van ons eie kunsmisbedryf het die bestingsklem verskuif na superfosfaat as sulks en ook aangevul met ingevoerde stikstof en kaliumbronne om die ou bekende NPK mengsels te vorm. Na mate die fosfaatreserwes van die gronde opgebou was, en daar ook 'n neiging ontstaan het om (meesal vir goeie redes) al hoe minder van peulplante in wisselbou gebruik te maak — het die klem al hoe meer begin val op stikstof (nou in Suid-Afrika vervaardig) as die belangrikste element om toe te dien met fosfaat en kalium al hoe meer op die agtergrond.

'n Verdere faktor wat hierdie tendens in die hand gewerk het is die koms van hoë-potensiaal plante, kortstrooi koringkultivars, bastermielies, hoë-potensiaal suikerrietseleksies asook die groot toename in aanvullende besproeiing waardeur grondvoorsiening as 'n groeibepurende faktor by meerjarige plante al hoe meer uitgeskakel is. 'n Ander faktor wat bygedra het tot die groot groei in stikstofverbruik is ook die lae benutting van die toegediende materiaal deur plante. Verliese deur uitloging en vervlugtiging kan 50% of meer beloop.

'n Noodwendige gevolg van hierdie baie eensydige gebruik van verskeie stikstofdraers is ernstige grondversuring — ook in die ondergrond. Dit het nie alleen die gevolg dat landboukalk of ander basiese materiale in steeds toenemende hoeveelhede toegedien moet word nie, maar die belang van die handhawing van die regte balans tussen kalsium, magnesium en kalium dring ook al hoe meer op die voorgrond as 'n probleem wat onmiddellik aandag nodig het.

'n Ander leemte wat ek graag wil noem is die feit dat die huidige benadering tot spoorelementbesteding in by verreweg die meeste gevalle uiters primitief is. Gewoonlik word daar slegs hierna gekyk as daar reeds 'n opvallende probleem heers — die vlieëdoodsiaanbenadering. Algemene grondekstraksies word selde gedoen en blaarontledings word by wyse van uitsondering by meerjarige gewasse gedoen. 'n Mens kan maar net gis tot watter mate oeste beperk word deur verskuilde tekorte.

Die verskaffing van kunsmismengsels wat presies by die boer se behoeftes aanpas of dan voorskryfmengsels, is 'n verdere saak wat aandag kan geniet. U moet weet dat 'n boer wat verskillende aanbevelings van verskillende kunsmisverteewoordigers kry, bevraagteken die geloofwaardigheid van daardie verteenwoordigers tot nadeel van die boer en die nywerheid. Ek is nog steeds van mening dat slegs wetenskaplike landbou metodes werklik ekonomies kan wees.

Mnr die Voorsitter, ek het in die loop van hierdie gesprek oor die boer en u vereniging sekere knelpunte geïdentifiseer aan die hand van drie grondliggende gedagtes soos opgeneem in u grondwet, nl ekonomiese doeltreffendheid, samewerking, tegniese kennis, dienslewering en leiding. Die blote bestaan van probleme onder hierdie drie hoofde verleen volle bestaan-

sreg aan u vereniging. U kan daarvan seker wees dat in u daadwerklike strewe na oplossings u die volle steun van die boer en van georganiseerde landbou in Suid-Afrika geniet. Dit is vir my aangenaam om die 24ste algemene jaarvergadering van u vereniging nou geopend te verklaar.

OPENING ADDRESS — SUMMARY

'Fertilizers, from the farmer's point of view, constitute one of the factors of production that are absolutely essential in attaining optimum yields', stated Dr André du Toit, Chairman of KVV in his opening address to the 24th annual general meeting of the Fertilizer Society of South Africa, held recently at the Newlands Hotel, Cape Town.

A factor that weighed heavily with the farmer was that fertilizers formed such an important percentage of total production costs. In maize production fertilizers represented 28% of total production costs, in wheat production, 20% and in sunflower and viticulture, 16% and 6,6% respectively.

Because fertilizer is such an essential production input item Dr du Toit felt convinced that the fertilizer industry should strive towards stability so as to ensure continuity of supply to the farmer.

Farmers had been disappointed at Sentracher's decision last year not to go ahead with their nitrogen extension. Disappointed because experts had predicted that if by 1989 there was no additional capacity in N-production, we would be able to meet only a little more than half our requirements from local sources.

One could not but respect the point of view that because the imported product was cheaper than our own South Africa should import more of its fertilizer needs. However, it was equally true, said Dr du Toit, to say that there was no longterm guarantee that the present favourable situation would last. When the international economy recovered, overseas demand would increase, prices would rise and there might even be shortages.

A solution would have to be found. It was true to say that if a local industry, such as the fertilizer industry needed to be protected against imports, then the cost of such protection should be carried not only by the farmers, but also by the country as a whole because of the many factors which justify protection. Probably the most important factor of all was the consumer price of products produced with such fertilizers.

Dr du Toit believed that in striving to provide the farmer with a continuous supply of fertilizer at the lowest possible price, the industry should look at new methods of distribution for example in bulk or in liquid form.

Co-operation

It was most gratifying to know that there was a liaison committee which enabled the FSSA, the Agricultural Union and government departments to sit around a table and discuss matters of mutual interest said Dr du Toit. He stressed the importance of the execution of decisions taken by this committee.

If one were to take into consideration the fact that co-operatives in the summer rainfall area alone would have to bear the risk of some R900 million in production loans then one might appreciate the tremendous burden placed upon them. For this reason alone, the farmer could no longer be expected to purchase fertilizer without serious consideration.

Dr du Toit was convinced that were it not for the Co-ops, then farmers would have suffered even graver consequences than they had during the drought of the 1930's. It was from his point of view therefore important that the FSSA give co-operative societies their due and accept them as partners.

There were certain basic principles embodied in the FSSA constitution viz economic efficiency, co-operation, technological knowledge, service and leadership. The mere existence of problems under these headings justified the establishment of the FSSA. In closing Dr du Toit gave the FSSA an assurance that it would receive the wholehearted support of both the farmer and organised agriculture in South Africa.